

# VOËLBERINGING - DEEL 2

R.A. Earlé

Vir buitestaanders lyk persone wat voëls bering baie na aan gek. Hulle is al ewig doenig by rioolplase, staan halflyf in stinkende vleie, beur deur doringbosse of staan in die middel van die nag op om hulle nette op 'n verlate strand oop te maak wanneer die gety inkom. Maar waarom is daar tog so baie persone wat beringing as 'n stokperdjie beoefen? 'n Drang na kennis sal 'n mens tog nie tot sulke uiterstes dryf nie. Daar is beide sentimentele en wetenskaplike redes waarom steeds meer en meer voëlberingers jaarliks meer en meer voëls bering.

Die wetenskaplike redes is natuurlik voor die hand liggend. Wanneer 'n voël hanteer word, kan sekere inligting bekom word wat natuurlik nie moontlik is wanneer die voël slegs op 'n afstand waargeneem word nie. Daar kan byvoorbeeld gesien word of die voël besig is om te verveer, die voël se massa kan bepaal word, eksterne parasiete kan versamel word en die vlerk, bek, stert en pootlengte kan gemeet word om byvoorbeeld die geslag vas te stel. As so 'n voël dan bering, vrygelaat en moontlik weer later gevang word, kan daar vasgestel word hoe vër die ververing gevorder het. Ook kan die tempo van ververing vasgestel word, dalk globaal vir die spesie. Baie belangrike basiese biologiese inligting in verband met verskeie voëlsesies het voortgevloei uit beringing deur amateurs wat oor 'n lang periode inligting versamel het, sonder dat hulle 'n spesifieke projek in gedagte gehad het. Eensklaps was daar genoegsame data en 'n wetenskaplike publikasie was die resultaat.

Sentimentele redes dien as motivering vir persone om voëls te bering. Die eerste rede is dat 'n mens die geleentheid kry om voëls te hanteer wat 'n mens andersins baie selde sien of wat moeilik identifiseerbaar is. Die opgewondenheid wat heers wanneer 'n naguiltjie in 'n net gevang word, wat eintlik bedoel was vir swaeltjies, moet ervaar word om waardeer te kan word. Die tweede rede is dat die mens 'n jagtersinstink het wat totaal deur die vangs, beringing en vrylating van die voëls bevredig kan word. Daar is min dinge wat by 'n mens dieselfde gevoel van tevredenheid kan wek as wanneer 'n Blouvalk neerswiep op die muislokaas in die roofvoëlval wat jy so pas uitgegooi het of wanneer jy sien hoe 'n swerm waadvoëls peil in die rigting van die net wat jy presies op die regte plek gestel het. Die

derde rede is dat dit 'n mens 'n gevoel van betrokkenheid gee. Om die regte plekke te soek om valle uit te stel, die voëls te vang, data van hulle te versamel, te ring en weer vry te laat gee 'n mens die gevoel dat jy betrokke is by die natuur sonder dat jy die natuur verwoes.

Hoe word voëls gevang? Daar is baie maniere om voëls te vang - waarvan ek slegs 'n paar wil noem. Die meeste klein voëltjies en waadvoëls word met misnette gevang. Dit is fyn nylonnette wat tussen pale teen 'n donker agtergrond gespan word, soos byvoorbeeld bome. Die voëls vlieg dan daarin vas en raak verstrengel. As 'n mens weet hoe, kan die voëls maklik ongedeed uit die net verwyder word vir beringing. Roofvoëls word weer meestal gevang met 'n 'Bal-chatri'-val waarin 'n muis gewoonlik as lokaas gebruik word. Groot getalle seevoëls, soos Malgasse, word jaarliks bering deur die jong voëls met die hand te vang net voor hulle kan vlieg.



Misnette word tussen twee pale gespan teen 'n donker agtergrond en voëls vlieg dan daarin vas en raak verstrengel. Hier sien u 'n aantal voëls in so 'n net, wat byna onsigbaar is, hang net voor die beringer hulle versigtig verwyder.

Die voëlberinger het nog 'n baie belangrike taak om te voltooi nadat die voëls gevang, bering en vrygelaat is en dit is om al die inligting wat versamel is, neer te skryf. Vir elke individuele voël word die ringnommer, die datum wanneer die individu bering is, die soort voël, die ouderdom, geslag, massa, ververing en die presiese plek waar die voël bering is, aangeteken. Hierdie inligting word op rekenaarvorms ingevul en een maal per jaar na die Suid-Afrikaanse Voëlbering-eenheid (SAFRING) by die Universiteit van Kaapstad gestuur waar dit op 'n rekenaar gestoor word. Met al hierdie inligting beskikbaar vir elke individuele voël wat bering is, kan daar dus, wanneer die spesifieke individu weer teruggevind word, dood of lewendig, presies vasgestel word hoe ver hy beweeg het, hoe oud hy is en of hy van massa verander het.



Met die sensitiewe trekskaal word die massa van elke voël wat gevang word bepaal. Die voël word in 'n gekleurde plastiese sak geplaas om hom te kalmeer

Om voëls te kan vang vir beringing het 'n mens natuurlik 'n permit nodig wat deur die Afdeling Natuurbewaring van elke provinsie uitgereik word.



'n Koringvoël verstregel in 'n misnet. Hierdie voël is reeds vroeër gevang en dra twee plastiese kleurringe aan sy een poot

Om so 'n permit te bekom moet 'n mens die beringingstegniek bemeester het asook 'n grondige kennis van voëls hê. Die enigste manier om die beringingstegnieke te bemeester is om dit prakties by 'n ander beringer te leer. Na so 'n leerperiode beveel die leermeester gewoonlik aan dat die leerling sy eie permit, ringe en beringingsapparaat moet bekom. Ringe en beringingsapparaat kan gekoop word by SAFRING wat dit slegs aan persone verskaf wat in besit van 'n beringingspermit is.

Daar is 'n romantiek verbonde aan die gedagte dat die Europese Swaeltjie wat jy as beringer hanteer het, net 'n paar maande later hongerige kuikens voer in 'n ou skuur in Skotland, of dat die Bruin Jakkalsvoël wat hom so maklik in die hartjie van die Karoo laat vang het, later twee wit eiers sal uitbroei in die Tundra van Rusland.

Daar is 'n plekkie in die son vir elke persoon wat graag betrokke wil raak by voëlberinging om sy deeltjie by te dra en die natuur ten volle te ervaar en te geniet deur deel daarvan te wees.